DRAMATIESE KUNSTE

Dramatiese Kunste lei en berei jou voor vir jou lewe, deur intellektuele, fisieke, geestelike, emosionele en psigologiese vaardighede te voorsien. Dit is 'n vak wat van leerders verwag om hard te werk. Die ontwikkeling van drama vaardighede vereis 'n hoë vlak van bemeestering en moet daagliks geoefen word. Die vak is ook akademies 'n uitdagende vak. Moenie vergeet om elke dag die teorie te leer asook die Dramatiese Items en hulle opvoeringstegnieke te repeteer nie.

Basiese vereistes vir die vak
Handboek, speeltekste, DVD's vir elk van die dramatiese bewegings, werkboek, swart broek en T-hemp

Inhoudslys
Teorie
Graad 12:
1. Onderwerp 1: 20ste eeuse 'ismes'
2. Onderwerp 3: Epiese, Postmoderne- of Teater van die Absurde
3. Onderwerp 4: Voorgeskrewe toneelteks 1. Epiese, Post Moderne- of Teater van die Absurde
4. Onderwerp 5: Voorgeskrewe toneelteks 2. Suid-Afrikaanse teks (1960-1994)
5. Onderwerp 6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (na 1994)
6. Onderwerp 7: Voorgeskrewe toneelteks 3. Suid-Afrikaanse kontemporêre Teater (na 1994)

Graad 11:
7. Onderwerp 1: Realisme in die Teater
8. Onderwerp 4. Werkswinkel- Gemeenskaps Teater ens.
9. Onderwerp 10. Arm/Gestroopte Teater

Dit is noodsaaklik dat jy die Taksonomie van Blooms gebruik om jou teoriewerk vir die Geskrewe Eksamen te leer en te bestudeer. Identifiseer wat jy op elke vlak van Bloom moet doen en verbeter dan jou vaardighede, kennis en inhoud geleidelik deur toe te pas wat die verskillende vlakke van Dave van jou verwag.

Prakties
Graad 10:
1. Onderwerp 7: Nie-verbale kommunikasie
2. Onderwerp 8. Teksinterpretasie/vertolking
3. Onderwerp 12: Verhoog-of Filmkonvensies

Graad 11:
4. Onderwerp 3: Stem en liggaamswerk
5. Onderwerp 6: Fisiese Teater en bewegingswerk
6. Onderwerp 9: Regisseur/ontwerper in Teater/Film

Graad 12:
1. Onderwerp 2: Tema/Oudisie/Tegniese program
2. Onderwerp 2: Regisseur/Ontwerper in Teater/Film

Vraestel 2 Temaprogram Kontrolelys
- Ek het 3 kontrasterende dramatiese items uit verskillende genres/beweging gekies.
- My tekse, notas of ontwerpe is gereed.
- My items is geoefen/geredigeer om binne die tydsbeperking te pas.
- Ek het my skeppingsproses en refleksies in my joernaal aangeteken.
- Ek het onderwyser-/portuurgroep-terugvoer gebruik om my werk te verbeter.
- My rekwisiete en tegniese elemente is gereed (indien nodig).
- Ek kan die skakels tussen my items of ontwerpkeuses verduidelik.

Wenke om Skakels te Skep
- Kies items met kontraste en verbindings (tema, styl, stemming, konteks).
- Berei 'n kort inleiding voor wat jou keuses en hul verband verduidelik.
- Gebruik oorgange (beweging, woorde, verhooggebruik) om vloei te skep.
- In tegniese werk, koppel ontwerpkeuses aan die tema of atmosfeer.

Assessering

Skoolgebaseerde Assessering Intern NKV.NSS	
Taak 1: Praktiese Assesseringstaak 1 • Voorbereiding • Opvoering. Dramatiese Item 1	 25 punte 25 punte
Taak 2: Kontrole Toets	50 punte
Taak 3: Praktiese Assesseringstaak 2 • Voorbereiding • Opvoering. Dramatiese Item 2	 25 punte 25 punte
Taak 4: Halfjaar Eksamen: • Geskrewe Kontrole Toest of Eksamen	 50/100 punte
Taak 5: Halfjaar Eksamen: • Geskrewe Kontrole Toest of Eksamen	 50/100 punte
Taak 6: Praktiese Assesseringstaak 3 • Voorbereiding • Opvoering. Dramatiese Item 3	 25 punte 25 punte
Taak 7: Proef Eksamen • Opvoeringseksamen	 150 punte
Taak 7: Proef Eksamen • Geskrewe Eksamen	 150 punte

Finale Eksamen. Einde van die Jaar. Ekstern NSS	
Vraestel 2: Opvoeringseksamen	150 punte

Finale Eksamen. Einde van die Jaar. Ekstern NSS	
Vraestel 1: Geskrewe Eksamen	150 marks

SKANDEER MY!
Dramatiese Kunste Oorsig